

PROF MS MAKHANYA, REKTOR EN VISEKANSELIER

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

DIE TWEEDE PROVINSIALE OK MATSEPE-LESING IN LIMPOPO

“LIVING, BREATHING AND PRACTISING HUMANITY, DIGNITY AND

RESPECT BY STANDING AGAINST GENDER-BASED VIOLENCE:

CELEBRATING 88 YEARS OF OK MATSEPE LEGACY”

POLOKWANE

13 MAART 2020

Geagte Programleier, laat my toe om my dank te betuig vir die geleentheid om nog 'n keer voor hierdie uitgelese gehoor die tweede provinsiale lesing te lewer ter ere van die groot Sesothoskrywer, Oliver Kgadime Matsepe.

Dit is vir ons as Universiteit 'n voorreg om hierdie reus in die Afrika-letterkunde met die medewerking van die provinsiale regering van Limpopo te huldig. Dit is eweneens 'n eer om vir een van ons land se akademiese reuse, professor Malegapuru Makgoba, te open. Hy is 'n toegewyde Afrikageleerde wat die weg vir talle rustelose Afrika-intellektuele gebaan het. My lesing vanjaar begin waar ek verlede jaar opgehou het. Diegene van u wat professor Madje Serudu se lesing verlede jaar bygewoon het, sal u herinner dat ek by die gehoor en geleerdes gepleit het dat die OK Matsepe-beurs nie tot literêre studie

beperk word nie. Matsepe werk het immers groot insig in die maatskaplike en politieke vraagstukke van sy tyd laat getoon.

Ek hoop om in die tydjie tot my beskikking aan te toon dat Matsepe in sy werke besin het oor vraagstukke waarmee ons vandag steeds worstel. Ek het verlede jaar probeer aantoon hoe veelsydig en kompleks Matsepe se werk was. Hy het geskryf in 'n tyd toe skrywers, en in die besonder swart skrywers, nie toegelaat was om hulle mening vryelik te uiter en hulle wêreldbeskouings te kenne te gee nie.

Om Matsepe beter bekend te stel, het ek genoem dat hy op Ga-Sekhukhune gebore is, op sendingstasies skoolgegaan het, volgens die Afrikareligie en -gebruike opgevoed is, en kortstondig as klerk van die hof gewerk het.¹ In navolging van Serudu en Grobler het ek aangevoer dat Matsepe in twee wêreldes gestaan het: met die een voet in die wêreld van die Afrikareligie en met die ander in dié van die Christelike godsdiens.

Soos Serudu aanvoer, weerspieël Matsepe se werk die lewensegte karakters van tradisionele leiers en krygsmanne.² Aan die ander kant bespiegel Grobler dat Matsepe in die roman *Lešitaphiri* (1963)

¹ Serudu, S.M. & Grobler, G.M.M., 1995. The Novels of O.K. Matsepe. *South African Journal of African Languages*, 15(1), pp. 135–140.

² Serudu, S.M., 1982. Towards an Understanding of Matsepe's Character Delineation. *South African Journal of African Languages*, 2(3), pp. 71–89.

moontlik besin oor die nasionale vyandigheid ná die Sharpeville-bloedbad van 1960, die gevolglike inperking van die vryheidsbeweging, die totstandkoming van uMkhonto we Sizwe en die “onafhanklikverklaring” van die Transkei.³

Op grond van die kort terugblik op daardie tydperk en die ontwikkeling in Matsepe se vakkundigheid, kan ons sê dat hy ’n produk van sy tyd was, dat hy daardeur bepaal is, en dat dit deur hom bepaal is deurdat hy lewe daaraan gegee het.

Ngũgĩ wa Thiong’o beweer: “The writer as a human being is himself a product of history, of time and space. As a member of society, he belongs to a certain class and he is inevitably a participant in the class struggles of his times”.⁴

As ons vakkundiges op ’n kontinent waarvan die geskiedenis, tradisies, gebruike en selfs kundigheid steeds ondermyn word, oor Matsepe se lewe besin, loop ons gevaar om in twee uiterstes te verval. Die een is hagiografie, met ander woorde, dat ons ons skrywers en intellektuele ophemel en voorgee dat hulle heiliges was.

³ Grobler, G.M.M., 1993. Solving the Insoluble: O.K. Matsepe's *Lešitaphiri* and the Signs of our Times. *South African Journal of African Languages*, 13(2), pp. 44–47.

⁴ wa Thiong’o, N., 1981. *Writers in Politics*. London, Ibadan, Nairobi: Heinemann, p. 72.

Die ander uiterste is dat ons hulle geringskat, dat ons hulle insigte en werke in vergelyking met koloniale moderniteit as onontwikkeld beskou. Ons taak is om die kompleksiteite in Matsepe se skryfwerk aan te toon, en dit met respek te doen.

Soos Serudu en Grobler verder aanvoer, was Matsepe 'n komplekse skrywer. Sy romans “demand from the reader a total commitment and active participation if he wishes to unravel their complete plots and make sense of their significant universal messages”.⁵

Sy werke is sowel kompleks as ontwrigtend, en breek weg uit die tradisie van swart skrywers voor hom deur temas uit die Bybel te neem en moraliserend van aard te wees. Soos ek later sal aantoon, spruit sy moralisering uit kommer oor die maatskaplike euwels wat hy om hom gemerk het.

Aan die ander kant het hy die chronologiese skryfstyl ontwig en 'n onchronologiese styl gevolg deur die chronologiese volgorde te manipuleer en “die opeenvolging van gebeure te verander”. Afgesien daarvan dat hy die chronologiese volgorde ontwig het, en sy verhale tydloos gemaak het, het Matsepe simboliek gebruik om sy verhale te vertel. In *Lešitaphiri*, is die rivier die simbool van eenheid tussen twee

⁵ Serudu, S. M. & Grobler, G.M.M., 1995. The Novels of O.K. Matsepe. *South African Journal of African Languages*, 15(1), pp. 135–140

strydende groepe.⁶ So spreek Matsepe sy kommer uit oor die gebrek aan eenheid onder sy mense wat, soos ons weet, in daardie tyd weens koloniale oorheersing verdeeld was.

In teenstelling hiermee is die rivier in Ngũgĩ wa Thiong’o se roman *The River Between* (1965) simbool van verdeeldheid en neokolonialisme.⁷ Matsepe se roman was dus, nes dié van vele ander swart skrywers, ’n oproep tot eenheid onder sy mense.

’n Bepaalde filosofiese wêreldbeskouing blyk uit Matsepe se werke. Soos ek reeds genoem het, was Matsepe ’n produk van sy tyd en sy omgewing. Ngũgĩ beweer dit is onvermydelik dat skrywers, in die besonder swart skrywers van Afrika, se beskouings uit hulle werke blyk selfs as hulle nie probeer om politieke aktiviste te wees nie.⁸ In teenstelling met die werke van Ngũgĩ, wie se politieke beskouings heel radikaal was, was Matsepe se werke nie blatant polities nie.

Matsepe het ’n pessimistiese siening van die samelewing gehad. Serudu voer aan: “To him the world is full of evil, corruption and greed. Man has lost his sense of good and evil. Unless man is prepared to live

⁶ Grobler, G.M.M., 1998. And the River Runs on...: Symbolism in Two African Novels. *South African Journal of African Languages*, 18(3), pp. 65–67

⁷ wa Thiong’o, N., 1965. *The River Between*. London: Heinemann

⁸ wa Thiong’o, N., 1981. *Writers in Politics*. London, Ibadan, Nairobi: Heinemann, p. 73

peacefully with his fellow men, there is no hope for harmony in this world".⁹

Kom ons luister na wat Serudu oor Matsepe se wêreldbeskouing te sê het:

It is these views to my mind that make him (Matsepe)¹⁰ one of the best African writers of our time. His views on man and humanity as a whole are so comprehensive that an article of this nature cannot embrace them all. Of interest is the fact that Matsepe's focus in his works was on his own Kopa community, yet there is no doubt that these views are universally applicable. In this article I confine myself to Matsepe's views on the relationship between God and gods; the king and his subjects; the nature of man and his fellow men; life and death: and marriage and divorce. Hopefully this will remove the old fallacy that says African languages have no literature.¹¹

Let op dat Serudu dit in 1990 gesê het van iemand wat tussen 1954 en 1974 geskryf het. Hoe oorspronklik en hoe relevant is Matsepe se diepsinnige sienings nie vir ons vandag nie!

⁹ Serudu, S.M., 1990. O.K. Matsepe's Worldview: An Appraisal. *South African Journal of African Languages*, 10(2), pp. 41–51.

¹⁰ Emphasis in parenthesis added for clarity

¹¹ Serudu, S.M., 1990. O.K. Matsepe's Worldview: An Appraisal. *South African Journal of African Languages*, 10(2), p. 41–51.

In 1990 was ons so te sê bevry. Matsepe se pessimisme het van die 1950's tot die 1970's ontwikkel. Dit was 'n tyd toe ons mense op 'n beter toekoms gehoop het, toe vroue na die Uniegebou opgeruk het en uitgeroep het: "*Wathint' Abafazi, Wathint' Imbokodo!*"

Serudu, daarenteen, het geskryf in 'n tyd toe mense hoë verwagtings gekoester het. Bevryding was op hande. Nie meer lank nie, dan sou almal vry wees.

Dit bring my by die tema van hierdie lesing waarvoor professor Makgoba in sy lesing sal uitwei: *Living, Breathing and Practicing Humanity, Dignity and Respect by Standing Against Gender-Based Violence: Celebrating 88 Years of OK Matsepe Legacy*.

Soos enige skrywer, het Matsepe sy maatskaplike beskouings mettertyd verfyn. Hoewel hy vroue in sy vroeë romans minder gunstig uitgebeeld het, is die karakter Mmatshpepho in *Kgati ya Moditi* (1974) 'n sterk leier en aanspraakmaker op die kapteenskap. Daar kan dus beweer word dat Matsepe aan die einde van sy skrywersloopbaan en sy lewe 'n nuwe blaadjie omgeslaan het, en hom teen vooroordeel en diskriminasie uitgespreek het.

Benewens hierdie kentering in die uitbeelding van vrouekarakters vind mens in dieselfde roman dat Matsepe die stereotipering van vroue – *Kgati ya Moditi* – en albinisme veroordeel. In sy latere werke toon hy hoe hierdie praktyke, wat die slegste in die menslike natuur uitbring, deur medemenslikheid nek omgedraai kan word.

Ons leef in 'n tyd waarin die drome van ons grootmoeders, die vroue wat in 1956 na die Uniegebou opgeruk het, vertrap word deur manlike chauvinisme, 'n patriargale ingesteldheid en geweld teen veral vroue.

Geagte Programleier, ons het die naweek met ontsteltenis en skaamte gelees dat die 22-jarige Kutlwano Masilo, 'n verkrachtingslagoffer, agt keer voor haar gesin in Etwatwa, Gauteng raakgeskiet is. Die motief was sonder twyfel om te verhoed dat sy in die saak teen haar verkragters getuig. Sy was maar een van vele vroue wat onder mans gely het. Sy het die geslagsgeweld by die polisie aangemeld, maar baie vroue doen dit nie.

So 'n aanslag op ons vryheid strek nie tot hierdie mooi land se eer nie. Die geweld teen vroue en die gevoel wat by 'n mens opwel as jy van hierdie teistering lees en daaroor nadink, kan daartoe lei dat mens net so pessimisties soos Matsepe kan raak oor die sedelike verval in ons land.

Dit is jammer dat ons ruggraat en ubuntu waarop ons mense so trots is, hierdeur ondermyn word. Hoe kan ons nog van ubuntu praat as ons ma's, susters en dogters bedreig voel en in vrees lewe?

Soos ons teen apartheid bly baklei het, soos ons aangehou het om vir vryheid te veg, moet ons nie moeg word om vir medemenslikheid in ons land te baklei nie. Ons moet teen enige vorm van onderdrukking, uitbuiting, vooroordeel en bekrompenheid opstaan. Soos Matsepe in *Kgati ya Moditi*, moet ons opstaan vir die reg op gelykheid van al die Mmatshephos, die reg van al ons ma's, susters en dogters.

Ons programme moet sorg dat almal weer ubuntu sal beleef. Unisa het 'n program teen geslagsgeweld van stapel gestuur. Ons Beleid oor Seksuele Teistering word op die oomblik gefinaliseer, en sal hopelik deur die Raad van die Universiteit goedgekeur word. Hierdie beleid is omvattender as dié van enige ander hoëronderwysinstelling in die land, en getuig van ons voorneme om geslagsgeweld die stryd aan te sê.

Terselfdertyd hersien ons al Unisa se beleide om dit meer samehangend en omvattend te maak, en om enige vorm van geslagsgeweld met wortel en tak uit te roei.

Ons beseef ook dat beleid sonder 'n liggaam van nul en geen waarde is. Daarom is ons besig om die Afdeling vir Geslagsgelykheid, wat onder die kantoor van die visekanselier sal ressorteer, tot stand te bring. Hierdie Afdeling sal navorsing doen, beleid bevorder, slagoffers beskerm en voorligting doen. Dit sal ook met die Kommissie vir Geslagsgelykheid saamwerk.

Ons vertrou dat ons deur hierdie maatreëls prakties en aantoonbaar sal laat blyk dat ons tot die stryd teen geslagsgeweld verbind is. Hierdeur sal ons saam met talle ander Matsepe se nalatenskap huldig, en teen verdrukking, uitbuiting, vooroordeel en bekrompenheid opstaan.

Ek hoop dat ons vandag iets uit Matsepe se nalatenskap sal leer, en ons daartoe sal verbind om elke dag daarvolgens te lewe.

Professor Makgoba sal ons nou oor die tema van vanaand se lesing toespreek. Mag ons uit sy wysheid put en by hom leer.

Dankie!